## 12.3 BESWAARSKRIF VAN GL ERASMUS, JC ERASMUS EN HT DE VILLIERS TEEN DIE ONONTVANKLIK-VERKLARING VAN 'N BESWAARSKRIF RAKENDE DIE NUWE AFRIKAANSE VERTALING (NAV) VAN DIE BYBEL BY SINODE-2003 (Artt 11, 12, 164, 165)

A. Br GL Erasmus stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie Bybelmedia/Vertaling.
C. Ds BCG Fourie rapporteer namens die Kommissie Bybelmedia/Vertaling.
D. Geleentheid word gegee vir vrae en bespreking.
E. Br GL Erasmus kry geleentheid om repliek te lewer.

**F. BESWAARSKRIF**

**1. Besluit waarteen beswaar gemaak word**

1.1 Handelinge van die Nasionale Sinode 2003:46 wat soos volg lui:

*Die Beswaarskrif word onontvanklik verklaar (4.2.2)*

Hierby ingesluit die motivering p45, 46

a. *Dit blyk dat die essensie van die saak wat die Beswaarskrif aan die orde stel, reeds op verskeie Sinodes gedien het (sien oa 1998: Beswaar van Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, p183, 13.4)*
b. *Op Sinode 2000 het twee van die beswaardes ook 'n Beswaarskrif oor min of meer dieselfde saak ingedien, maar het dit na gesprek teruggetrek. Die opstellers is na die Teologiese Skool verwys oor die inhoud van die Beswaar. Of so 'n gesprek plaasgevind het, is onduidelik. Acta 2000:183, 13.4.*

*"Besluit:*

1. *Kennis geneem dat br G Erasmus, na oorlegpleging en gesprek met die Kommissie besluit het om die Beswaarskrif terug te trek.*
   *<u>Motivering</u>: Die broeder meen dat hierdie omvangryke en belangrike saak so die beste gedien kan word.*
2. *Die Kommissie verwys br Erasmus na die Teologiese Skool Potchefstroom vir verder gesprekvoering met kundiges oor die hele saak van sy Beswaarskrif, in besonder oor die verskillende vertaalmetodes en die grondteks van die Bybel.*

c. Visser (1999:204) verduidelik in Die Kerkorde in Praktyk dat die onus op die beswaardes rus om aan te toon en te bewys dat daar gewigtige nuwe gronde bestaan waarom hersiening van 'n bepaalde besluit noodsaaklik is.

1.2 Samevattend kom dit daarop neer dat die Beswaarskrif (hierna verwys as Beswaarskrif-2003) onontvanklik verklaar is op grond van ontoereikende nuwe beswaargronde (KO, art 46). Asook die feit dat die beswaarde by Sinode 2000 vir gesprek na die kundiges van die Teologiese Skool verwys is. Hierdie gesprek het nie plaasgevind nie.

**2. Beswaargronde**

2.1 Onontvanklikheid op grond van KO, art 46

Die essensie van die motivering van die Sinode 2003 is dat die Beswaarskrif-2003 in werklikheid ou stof is wat reeds hanteer is, en nie genoegsame nuwe gronde bevat om hersiening te regverdig nie.

Ter motivering word verwys na

(a) die Beswaarskrif van Die Kandelaar Sinode 1988:183, 13.4; (moet lees p283, art 55). (Die bevinding oor hierdie Beswaarskrif is gedoen by Sinode 1991, Acta:117-128, 13.5.)

(b) die Beswaarskrif by Sinode 2000, Acta:183, 13.4.

2.1.1 Die Beswaarskrif van Die Kandelaar: [vanaf par 2.1(a)]
Aspekte in ons Beswaarskrif-2003 wat met dié van Die Kandelaar ooreenstem, is die volgende:
a) die prinsipieel onaanvaarbare dinamies-ekwivalente vertaalmetode;
b) die Gereformeerde Kerke het sy verantwoordelikheid tot Woordbewaring effektief aan die Bybelgenootskap oorgedra;
c) die vertaling is nie getrou aan die grondteks nie.

2.1.1.1 Oor (a) Hierdie punt is met hoofsaaklik nuwe motiveringe toegelig, soos duidelik blyk uit par 4.1 en 4.2 van ons Beswaarskrif-2003

2.1.1.2 Oor (b) Hierdie beswaar is met nuwe motiverende bewyse toegelig: sien ons Beswaarskrif-2003 par 4.6.

2.1.1.3 Oor (c) Hierdie beswaargronde is prakties grootliks in sy geheel nuut. Vgl par 4.4 van ons Beswaarskrif-2003

2.1.1.4 Beswaarskrif–2003 begrond juis beswaar teen sekere argumente (motiveringe) wat in die HNS 1991 Rapport gebruik is in die afwys van Die Kandelaar-beswaarskrif. Vgl par 4.6 en 4.8 van Beswaarskrif-2003. Dit is immers nuwe stof.

**<u>Samevattend</u>: Om ook die nuwe beswaargronde onder die gemeenskaplike deler van "die essensie van die saak" te plaas, is onverantwoord en dien nie die waarheid nie.**

2.1.2 Die Beswaarskrif–2000 (verwys na par 2.1(b) hierbo).

2.1.2.1 LW: Beswaarskrif-2000 verskil inhoudelik weinig van Beswaarskrif–2003. Eersgenoemde was ontvanklik maar laasgenoemde nie. Waarom?

2.1.2.2 Sinode 2000 het hierdie Beswaarskrif wel ter tafel geneem, maar geen uitspraak rakende die inhoud gegee nie, omdat dit teruggetrek is. (Verwys Acta 2000:183, 13.4.) Verwysing na hierdie Beswaarskrif ter motivering van KO, art 46, is dus buite orde. (Vgl redes vir terugtrekking in par 2.2.)

2.1.2.3 Beswaarskrif-2000 was oa juis ontvanklik verklaar op grond van tekskritiese begrondinge wat daarin opgeneem is. Beswaarskrif-2000 en -2003 bevat deurgaans nuwe beswaargronde en motivering (afgesien van dié van Die Kandelaar. Vgl hier oa paragrawe 4.3; 4.4; 4.7; 4.9 en 4.10 van ons Beswaarskrif-2003 wat nog nie deur 'n Sinode oorweeg is nie.

2.1.2.4 <u>In essensie is byna die hele Beswaarskrif nuut, deurdat Bybelse norme voorgehou en toegepas is in die begrondinge, iets wat tot dusver grootliks agterweë gebly het.</u> Sien in hierdie verband par 2 van Beswaarskrif-2003 en die toepassing in par 3 en 4 soos onbetwisbaar in die Bylae gedokumenteer is. Geen begronding rakende die onbetroubaarheid van die gekose brontaalmanuskripte en/of die Bybelse rigsnoere rakende die 'wetenskaplikes' as slegte bome wat slegte vrugte voortbring, is al deur enige Sinode van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beoordeel nie.

**Hiermee lewer die beswaardes sekerlik genoegsame bewys van gewigtige nuwe gronde.**

2.1.3 Die Acta 2003:183, 13.4 par F1 lui: *Kennis geneem dat br G Erasmus, na oorlegpleging en gesprek met die Kommissie besluit het om die Beswaarskrif terug te trek.*

Hierdie bewoording moet in sy ware perspektief geplaas word. (Br Erasmus, sy vrou en ds Hennie de Villiers het die Kommissievergadering meegemaak.):

2.1.3.1 Die Kommissielede was nie voorsien van die volledige Beswaarskrif met Bylae nie. Na urelange beredeneringe waar telkens die onkunde van die meeste Kommissielede aangaande die onderwerpe en inhoudelike van die Beswaarskrif geblyk het (en hiervoor kan prof GJC Jordaan instaan) het die Kommissie by monde van die 'skriba' van die Kommissie br Erasmus versoek om die Beswaarskrif op hierdie stadium terug te trek, met die beredenering:

a. Die Beswaarskrif is te omvangryk om op hierdie Sinode behoorlik afgehandel te word;
b. Die Sinode mag in gebreke bly om onbevooroordeeld uitspraak te gee; omdat die atmosfeer of gesindheid van die Sinode geantagoniseer (geprejudiseer) is teen die Beswaar vanweë die negatiewe opmerkings van verskeie professore en predikante nadat die Beswaarskrif ter aanvang voor die volle Sinode gestel is.
c. Omdat sekere inhoude van die Beswaarskrif ook vir die professore grootliks onbekend is, sal dit voordelig wees om eers met hulle in gesprek te tree. Hierop het br Erasmus die Beswaarskrif teensinnig teruggetrek, met die uitdruklike stelling dat hy dit tog op die volgende Sinode sal voorlê, en het toe vertrek. Hy het nie die Besluit die volgende dag soos in F1 en 2 verwoord is, aangehoor nie.

**Op Sinode-2003 moes die Beswaarskrif dus outomaties ontvanklik wees as dit by Sinode 2000 ontvanklik was.**

2.1.3.2 "*Of so 'n gesprek* (met die kundiges = professore) *plaasgevind het, is onduidelik.*" (Acta 2003:46, 1ste paragraaf)

Hierdie opmerking verdien ook opklaring:

Die gesprek met die professore. het nie plaasgevind nie. Die rede is die volgende:

*Br Erasmus het via prof Fika van Rensburg 'n afspraak met die professore gereël vir 25 Sept 2000. Intussen het die egpaar na Orania verhuis en aldaar onmiddellik vasgeloop in 'n onverkwiklike kerklike onenigheid waarvan Acta 2003:82–95 getuig. Br Erasmus het van die afspraak vergeet. Toe prof Van Rensburg hom enkele dae voor die afspraakdatum bel, het br Erasmus hom verwittig dat hy totaal onvoorbereid is, sy opregte spyt betuig en gesê dat 'n latere datum gereël sal word.

*Ongeveer Mei 2001 is die prof per e-pos gekontak met die oog op gesprek, maar sonder reaksie.

*Ongeveer September 2001 is 'n brief per pos aan die professor geskryf en die e-posboodskap aangeheg, maar geen reaksie verkry nie.

*Maart 2002 het is weer per brief kontak opgeneem, sonder gevolg.

*In Oktober 2002 het br Erasmus die saak telefonies met prof Jordaan opgeneem. Hy het onderneem om ten spyte van die vakansie en laat stadium 'n vergadering te probeer reël, maar kon nie daarin slaag nie.

Tydens Sinode 2003 het br Erasmus prof van Rensburg persoonlik gevra na die aangeleentheid, maar hy kon slegs van die gekanselleerde afspraak onthou.

2.1.4 Afgesien van voorgaande, is dit egter duidelik genoeg dat 'n 'gesprek met kundiges' nie 'n voorvereiste is of mag wees vir die ontvanklikheid van 'n Beswaarskrif nie; dit word deur die geadresseerde volgens die inhoud bepaal.

2.1.5 Die Appèlkommissie van Sinode-2003 het in afwesigheid van die beswaardes besluit tot die nie-ontvanklikheid van die Beswaarskrif, sonder dat die beswaardes die geleentheid gehad het om hul te verantwoord. Dis regskrenkend om nie gehoor te word nie.

**3. Versoek**

Hiermee versoek ons dat die Beswaarskrif –2003 ontvanklik verklaar en behandel word soos dit opnuut aangebied word as selfstandige Beswaarskrif vir Sinode-2006.

LW

1. Beswaarskrif-2003 sonder Bylae word hierby aangeheg ter verwysing in hierdie Beswaarskrif teen die onontvanklik-verklaring.
2. Die Beswaarskrif teen die goedkeuring van die NAV word egter opnuut as selfstandige Beswaarskrif vir die 2006-Sinode ingedien onder die titel *Gravamen aan Nasionale Sinode 2006 teen die goedkeuring van die 1983-vetaling van die Bybel (NAV) vir kerklike gebruik.* Heelwat redaksionele veranderings is aangebring deur re-organisasie en seleksie van die dokumentasie in die Bylae.
3. Heelwat van die dokumentasie in die 2003-Beswaarskrif se Bylae wat telkens as 'ongepubliseerd' aangedui was, het intussen – Maart 2005 – verskyn in volume 1 van die boek *Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling* deur JC Erasmus.

**G. KOMMISSIERAPPORT**

**1. Opdrag: Beswaarskrif van GL Erasmus en ander.**

**2. Beoordeling**

Die beswaarskrif van br GL Erasmus ea oor die 1983-Vertaling en sake oor die grondteks is by Sinode 2003 onontvanklik verklaar (Acta 2003:45). As motivering het Sinode 2003 die volgende aanvaar: "Dit blyk dat die essensie van die saak wat die Beswaarskrif aan die orde stel reeds op verskeie Sinodes gedien het. (Sien oa Acta 1988: Beswaar van Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, p133, 13.4.)"

**Besluit: Kennis geneem.**

**3. Bevinding**

Ooreenkomstig KO, art 46 is die beswaar in 2000 ontvanklik verklaar, maar nie afgehandel nie, omdat die beswaardes dit toe teruggetrek het (Acta 2000:183). In 2003 is wesenlik dieselfde beswaar ingedien en toe nie ontvanklik verklaar nie (Acta 2003:46). Twee opeenvolgende Sinodes het teenstellende besluite oor ontvanklikheid geneem. Daar word deur die beswaarde bewys dat hierin 'n anomalie sit.

**Besluit: Kennis geneem.**

**4. Aanbeveling**

4.1 Die beswaar slaag.

4.2 Daar word gevolglik voldoen aan die beswaardes se versoek (Beswaarskrif pt 3) om, in plaas van die Beswaarskrif van 2003, hulle bygewerkte Beswaarskrif (met Bylaes) te behandel.

**Besluit: Goedgekeur.**